


ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANiA

Desember 2025 | Volume 1 Uitgawe Nr 25

## KITSNUUS

Lees meer binne

**Joost beskryf 2025**
*Bl 2*
**Erik maak 'n Prima-keuse**
*Bl 3*
**Die stadskern voorstelling**
*Bl 3*
**James se wins**
*Bl 4*
**Prof Jannie en Orania**
*Bl 4*
**Tuinuitdaging wenners**
*Bl 5*
**Paul werk vir 800**
*Bl 7*
**Charl besoek Orania**
*Bl 9*
**Stadsbouer benoem**
*Bl 11*
**Straatfees in beeld**
*Bl 13*
**Vakansie!**
*Bl 14 & 15*
**Knapsak geskenkbewys**
*Bl 16*

## SKAKELS

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

## NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 ( Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar. Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

# Orania se ambisieuse bouplanne en ontwikkelingsvisie

Dia van Staden - Redakteur

As Hoof van Ontwikkeling en Belegging by die Orania Ontwikkelingsmaatskappy (OOM), is Niel de Klerk sentraal tot die fisiese en ekonomiese uitbreiding van Orania. Sy fokus is op 'n reeks opwindende projekte wat daarop gemik is om die dorp se infrastruktuur en estetiese aantreklikheid te verhoog, wat almal daarop gemik is om ekonomiese groei te stimuleer.

**1. Drie prioriteitsprojekte vir die korttermyn**
Die Ontwikkelingsmaatskappy het drie sleutelprojekte geïdentifiseer wat die kern van hul huidige werk vorm:

**Eerste: Die Werksgebou**
Die voltooiing van die Werksgebou is die eerste prioriteit en word vir Desember 2026 geskeduleer. Hierdie drie-verdieping gebou sal onder andere dien as nuwe kantore vir beide Bo-Karoo Opleiding (BKO) en OOM.

**Tweede: Die Werksplein – 'n plek van herinnering**
Die Werksplein, geleë by die vier hoeke rondom 'n sirkel, sal 'n belangrike openbare ruimte word. Die oorhoofse tema is die herdenking van die Adelheid van Arbeid. Elke hoek verteenwoordig 'n spesifieke tema met simboliese beelde:

· **Werksgebou:** Die Goeie Werker
· **Karoosig Aftree-oord:** Eerbare Verlede
· **GVS se hoek:** Innovasie deur die Afrikaner (met 'n beeldetuin, grasperk en tuin)
· **Die Duiker:** Die Entrepreneur

Die plein se uitleg word gestandaardiseer om meer gebalanseerd te wees, met die aanplant van baie bome om skaduwee en aantreklikheid te bied vir mense om tyd te spandeer. Hierdie plein sal dien as 'n afskop na die groter Stadsplein, en dien as 'n skakel tussen die twee. Die volledige landskapontwerp sal teen die einde van 2026, of vroeg in 2027, voltooi wees.

**Derde: Aalwynstraat-opgradering**
Die fokus skuif na die opgradering van die sypaadjie op die belangrike as vanaf die CVO-skool tot by die Kuierstoep (langs die kruising van Olienhout- en Aalwynstraat). Dit is 'n opgradering om die roete vir voetgangers en fietsryers netjies en gerieflik te maak. Hierdie opgradering sal ook die estetiese verbinding tussen die Werksplein en ander kernpunte (Vaalbos, Orania-Oos, Stadskern, en Smaragstraat) verbeter, wat toegang vanaf al die sentrale gebiede vergemaklik. Die verbeteringe geskied in samewerking met die Stadsboufonds, 'n fonds wat gestig is om **infrastruktuur** te bou waarvoor daar nie ander fondse is nie, en help om eiendomspryse te stabiliseer.

**2. Die Toekomsvisie: Stadskern en Hoewe 13**

**Die Stadskern: 'n Gemeenskapsnodus**
Die Stadskern, wat 7.5 hektaar beslaan, is tans in die beplanningsfase en is 'n langtermynprojek. Die fokus is tans op die gebied rondom die Paul Kruger-beeld. Marknavorsing deur Urban Studies het die nodige vloerareas vir 'n bevolking van 15 000 mense, twee skole, BKO en die aftree-oord bepaal. Dit sluit fasiliteite in vir:

· Vulstasie
· Kleinhandel
· Hotel
· Groothandel
· Verblyf

Die uitleg, deur argitek Henk Boogertman, sluit verblyf vir tot 1 000 persone in, insluitend studente – 'n katalisator om mense na die plein te lok. Die spasies in Duiker sal ook beskikbaar gestel word vir huur deur vervaardigers van Orania-produkte. Finale kostebepaling sal in 2026 gedoen word, waarna konstruksie kan begin.




Foto: Dia van Staden

Quin Joubert (4) verwelkom die vakansie met wange vol lug waarmee hy vrolike seepbelle die lig laat sien! Geseënde feestyd vir ons lesers!

**Hoewe 13: Landbou en uitbreiding**
Hoewe 13 is suksesvol deur die Departement van Landbou as landbounywerheidgebied

Vervolg op bladsy 2

KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden | Grafiese ontwerp: Orania Digitaal | Kontakbesonderhede redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



Gemeenskapsnuus
KOERANIA
Desember 2025  Volume 1 Uitgawe Nr 25

KOFFIE EN KLETS
met die redakteur



# Afstand, afskeid en weersiens

Dié seisoen word gewoonlik luidkeels in sentrums met kersliedere en 'n oordadige klomp rooi, groen en goue blink versierings aangekondig. Sonder dat ek en jy 'n keuse het, word ons sensories oorlaai met die gekommersialiseerde aanbod van Christus se geboorte.
Vanjaar is ek deeglik bewus van 'n seisoen van afskeid. Buiten die Afrikaners wat ons SA-skip wil verlaat, was daar onlangs die afskeid van 'n broerskind – sonder luide aankondiging of feesgesang… Hy het 'n suksesvolle en gelukkige lewe, op die sosiale media en Whatsapp-oog af natuurlik, in Sjina gelei. 'n Hartaanval in sy slaap het 'n einde gebring aan sy 34 jaar op aarde.
My pa is op 58 oorlede na 'n massiewe trombose. Hoe mis ek hom, maar dit was anders. As 'n familie kon ons persoonlik afskeid neem. Vir Stefan kon ons 03:00 in die oggend inskakel vir 'n wipsein-aanlynafskeid. Die trooswoorde van vriende wat lief was vir hom en sy onwrikbare geloof ervaar het, was pleisters.
Hoeveel familielede moet deesdae op dié manier van geliefdes afskeid neem? Dis te duur. Dis te ver. Dit is net 'n liggaam… Trane rol en snikke word saggies in jou persoonlike spasie geuiter, maar is dit effektiewe afskeid? Is dit hoe ons saamgestel is om finaal te groet? Bring dit vrede in ons gemoed?
Afstand is moeilik, maar die werklike impak daarvan het my weer soos 'n vuishou op die maag getref toe afskeid daarvan deel word! As geredde kind van God het ek 'n vaste vertroue in die ewige lewe. Die pyn van afskeid word effens versag met die wete van weersiens... of nie?
Mag dié vakansie familietyd vir elke leser, adverteerder en rolspeler van my en Koerania se reis wees. Maak mooi planne vir 2026 en hou dringend vas aan God se beloftes, terwyl ons die wapenrusting as ons enigste beskerming aantrek!
*Effesiërs 6:13: Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.*

Dia van Staden

# RUBRIEK Die Wynvlieg waai in Geloftedag en die Afrikaner se Superpower: Onthou

Deur: Wynvlieg Woltemade

As daar een ding is wat die Afrikaner beter kan doen as enige ander volk, is dit onthou.
Ons onthou groot dinge– oorloë, gelofte, geskiedenis- maar ons onthou ook die klein goed: wie laas koffie betaal het, wie die wors omskep het in 'n houtskoolstok, wie op die kerkbasaar by die koektafel instorm, en wie in 1987 op die skoolbus die verkeerde tannie "Ma" genoem het.
Dis nie wrok nie, hoor. Dis rekordhouding. Dis in die bloed, soos braaivleisrook en skaapvet.
In Orania voel 'n mens dit sterker. Hier leef herinnering nie net in museums nie, maar in mense se hande: in hul bouwerk, hul selfstandigheid, hul erns. En op Geloftedag word daardie superpower skielik tasbaar- soos 'n stilte wat anders val, 'n son wat helderder brand, 'n volksgevoel wat voel soos 'n warm plaasbrood onder die handdoek.
Ek kyk hoe families stadig aanstap, hoe kinders vrae vra waarvan die antwoorde swaar is, en hoe ooms met diep asemteue begin sin maak van die verlede. Dit raak jou, al is jy maar net 'n vlieg op 'n muur. Of in my geval;- op 'n vlagpaal.
Want Geloftedag is nie net 'n datum nie. Dis die Afrikaner se jaarlikse geheuetoets: Onthou jy waar jy vandaan kom?
Onthou jy hoekom jy bou?
Onthou jy hoekom jy aanhou?
Die mooi deel is: Orania onthou nie net vir die tradisie nie - hulle onthou om iets daarmee te doen.
Die selfdoen-kultuur, die netheid, die gees van "moenie wag vir 'n komitee nie, vat net 'n graaf". Dít is herinnering in aksie. 'n Volk wat besluit het om nie net oor erfenis te praat nie, maar dit te bou, baksteen vir baksteen.
Maar, en ek sê dit met liefde,- die Afrikaner onthou soms té goed.
Ons onthou wie die laaste druppel melk gebruik het.
Ons onthou watter tannie op die Koerania-funksie gesê het sy hou nie van jou kerriehoender nie. Ons onthou watter dominee in 2003 te lank gepreek het. Ons dra die mooi en die mors saam, presies ewe getrou.
Maar op Geloftedag gebeur iets skaars: die onthou raak sagter. Die kake ontspan. Die harte word effens groter. Die rekordboekie word, vir 'n kort rukkie, toegeklap. En dit laat 'n vliegie soos ek dink: dalk is onthou nie net om terug te kyk nie, maar om vorentoe te kyk, vir die volgende geslag wat nog nie hul eie hoofstuk het nie.
En tog, soos die laaste son op die monument val, hoor ek iemand fluister:
"Onthou jy verlede jaar se Geloftedag? Dit was warmer."
Daar's die volk wat ek ken.
Ek's Wynvlieg Woltemade. Ek sit op 'n warm klip by die monument, luister hoe die volk onthou, en fluister terug: Onthou mooi, onthou lig, en moenie vergeet om nuwe dinge te maak om eendag oor te onthou nie.
En natuurlik, ek memoreer ook: die tannie wat my met haar Bybelpampier probeer doodslaan het; dis ek wat haar nooit sal vergeet nie.

Vervolg vanaf bladsy 1

goedgekeur, met sonering wat deur die Orania Grondgebruiktribunaal goedgekeur is. Die BKO beplan om dit uit te brei na 'n volwaardige proefplaas, met die moontlikheid om dit later na residensieel te ontwikkel soos die dorp groei. Die ongebruikte landbougedeelte sal by die aandeleblokskema ingelyf word, wat Orania se grense vergroot.
**3. Uitdagings en ekonomiese groei**
Die grootste uitdaging vir hierdie projekte is arbeid—die kleiner bevolkingsgetalle in Orania beteken gekwalifiseerde kontrakteurs is dikwels oorlaai en nie beskikbaar vir elke tender nie. Boonop is die professionele beplanningsfase inherent tydrowend.
Ten spyte hiervan, sien De Klerk 'n suksesvolle boujaar agter die rug en groot vordering met die Stadskern beplanning. Die volgende uitdaging is om ekonomiese groei te stimuleer, veral deur die rol van die BKO wat 'n besteebare inkomste van buite na binne sal inbring— soortgelyk aan die ekonomiese impak wat universiteite in plekke soos Stellenbosch en Potchefstroom het.



Niel de Klerk, hoof van Ontwikkeling en Belegging by die Orania Ontwikkelingsmaatskappy

# 'n Uitdagende jaar stel Orania wêreldwyd bekend

Dia van Staden - Redakteur



Die afgelope jaar het vir Joost Strydom 'n reeks uitdagende, maar uiters suksesvolle wendings gebring wat Orania op die voorgrond van nasionale en internasionale gesprekke geplaas het. Die Uitvoerende Hoof van die Orania Beweging beskryf dit as 'n jaar met meer hoogtepunte as laagtepunte – 'n uitdagende jaar, maar beslis nie sleg nie, volop genade.
Volgens hom was die sleutelmoment in Februarie met Amerika se "executive order" rakende Afrikaners. Vanaf daardie punt het die dinamika drasties verander. Joost erken dat dit 'n tyd was van intense onderhoude en hoë spanning in die land, wat die potensiaal gehad het om sleg uit te draai, maar wat juis baie geleenthede gebring het. Strategieë moet daagliks heroorweeg word om te verseker dat Orania nie op risiko geplaas word nie. Die doel is om Orania groter te projekteer sonder om die regering uit te daag, maar ook sonder om "vertrap" te word.
Die jaar is gekenmerk deur 'n beduidende oplewing in internasionale skakeling. Die internasionale profiel van die Afrikaner het aandag gekry deur gebeurtenisse soos die Orania Verteenwoordigende Raad (OVR) se besoek aan Europa, en skakeling met Amerikaanse groepe, omdat Orania deel van gesprekke vorm. Hy meld dat selfs mense in die Amerikaanse regering nou video's van Afrikaners kyk en Orania se boodskappe omarm. Joost en Ernst Roets word nou na forums genooi wat 'n direkte gevolg is van die feit dat Orania op die internasionale radar verskyn het, wat hul posisie in die wêreld verander het. Die proses is 'n konstante groeiproses vol waardevolle insette en planne. 'n Hartroerende bewys van hierdie positiewe energie is die sukses van die Kruger-beeldprojek. Dit laat Joost met 'n warm hart dat feitlik elke dorp in die land nou bewus is van die Kruger-beeld in Orania. Te midde van beeldegevegte elders, het hulle miljoene ingesamel vir die ontwikkeling van die terrein, wat selfs Orania-salarisse bevoordeel het. Dit was ook 'n rekordjaar vir fondse uit die buiteland, met miljoene in buitelandse belegging wat gegenereer is. Hierdie positiewe sentiment bevestig dat daar hoop en planne is, en dit het die negatiewe stemme plaaslik stiller gemaak.
Joost vertel dat die volume van mediavrae honderdvoudig toegeneem het, veral via sosiale media. Hoewel die grootste volume vrae dieselfde is as 30 jaar gelede, is daar 'n klein segment wat 'n dieper begrip soek. Die 10% wat werklik diepte het, kanaliseer na die arbeidskwessie: die konsep van eie arbeid en "lewe in geregtigheid met Afrika." Die boodskap is dat Orania niemand seermaak nie en nie 'n bedreiging is nie. Die ander 20% van die vrae fokus op Orania se diensleweringsvermoë en infrastruktuur—krag, water, riool en nuwe projekte.
Vir 2026 sal die Ledenaweek op die beginsel van eie arbeid fokus. Daar is baie potensiaal in die Amerikaanse skakeling, en 'n nuwe studiefonds, die Eben van Zyl-fonds, word beplan. Met die verkiesing op hande, mobiliseer die OVR se politieke komitee pro-aktief met 'n duidelike boodskap van die reg om te bestaan.
Joost se Nuwejaarsboodskap is optimisties: "Nou gaan ons bou!" Die negatiwiteit wat soms in Afrikaners se gemoed is, smelt weg soos suksesse bereik word. "Ons warm nou net op!" sluit hy af.
Foto: Dia van Staden
Joost Strydom vertel van die balanseertoertjies wat soms uitgehaal moet word wanneer met internasionale vennote of opponente onderhandel word. Orania se posisie in die wêreld is tans baie positief.

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

PROMOSIE ARTIKEL

# Erik du Preez tem onsekerheid met finansies en vaderskap

Dia van Staden


Foto: Anné van Zyl

Op die ouderdom van 27 jaar is Erik du Preez reeds 'n portefeuljebestuurder by Prima Batebestuur, waar hy die direkte buitelandse portefeuljes behartig. Sy werk behels diepgaande analises en kwantitatiewe berekeninge van buitelandse maatskappye se finansiële state om sodoende hul billike waarde te bepaal. Hy behartig ook die verhandeling van finansiële instrumente - 'n rol wat konstante intellektuele inspanning vereis.

Erik is 'n man wat waarde heg aan orde en sekerheid, eienskappe wat hy van sy ouers geleer het. "Ek sukkel om te funksioneer as ek nie in beheer van 'n situasie voel nie," verduidelik hy. Hierdie behoefte aan rustigheid in sy kop, waar hy seker is van die proses, is 'n teenwig vir die onsekere aard van die finansiële beroep. Sy vrou, Lize, 'n Geoktrooieerde Rekenmeester (CA) wat aanlyn vir PWC in Bloemfontein werk, kla gereeld oor sy oordrewe sin vir netheid. Selfs die yskas moet in orde wees. "Ek werk hard om my lewe in orde te kry sodat eksterne faktore my minder affekteer," sê hy.

Erik het vanaf Graad 3 in Orania grootgeword. Ná vyf jaar se studies aan die PUK (NWU Potchefstroom), waar hy Lize in sy eerste jaar ontmoet het, het hy vir twee jaar in Pretoria gaan woon, terwyl Lize haar klerkskap voltooi het. Hierna het die jong egpaar teruggekeer na Orania. Hulle is nou al vir twee jaar woonagtig in Orania en het onlangs hul eerste kind, Hanno, as pragtige toevoeging tot hul gesin verwelkom.

Die hoofrede vir hul terugkeer was om hul kinders in Orania groot te maak. Lize, wat in die CVO skool van Groblersdal was, het 'n natuurlike begrip vir die klein-dorpie lewe.

Erik se verbintenis tot die gemeenskap is tasbaar: Hy en Lize is betrokke by die kerk en hy help soms met rugbyafrigting. "My rol as deel van 'n gemeenskap, is om betrokke te raak by dinge wat vir my saak maak," sê Erik.

Dit gaan vir hom oor meer as net werk: Dit gaan oor geloof en die toekoms van hul kind. Sy toekomsplanne is om Prima te laat groei, aangesien dit 'n besigheid is wat die werknemers en die gemeenskap dien. Erik voel dat hy sy gesin prioritiseer, maar terselfdertyd 'n verskil in die gemeenskap wil maak. As nuwe pa is sy verwagting om 'n goeie voorbeeld vir Hanno te wees, 'n beskermende omgewing te skep en om sy huisgesin te lei, waar vrou en kind met hul eie gawes kan floreer.

Erik is 'n groot realis. Sy raad oor onbereikbare doelwitte spruit direk uit sy werk: "Dit is my werk om verwagtinge te bestuur en realistiese feite uit te wys." Hy heg waarde aan geld as 'n middel tot alledaagse oorlewing en 'n gemaklike aftrede, maar waarsku: "Geld dryf my nie, maar jy moet dit respekteer... Moet dit nie verafgod nie en moenie toelaat dat dit jou lewe oorheers nie."

Een van die eienskappe wat hom die meeste irriteer, is skynheiligheid. "As ek 'n probleem het, sê ek dit reguit vir 'n persoon en ons beweeg aan. Moenie voorgee nie." Sy benadering tot onsekerheid, veral in sy uitdagende loopbaan, is ewe onbeskaamd: "Vra as jy nie verstaan of weet nie. Kom verby die onsekerheid."

Vir Erik word geluk gedefinieer as volg: "As jy rustigheid het met jou situasie, met wie jy is en waardeer wat jy het, sal jy outomaties gelukkig wees." Hy sou min dinge in sy lewe wou verander: Goeie familie, vriende en 'n gesonde en gelukkige kind.

Wanneer hy nie sy brein besig hou met die finansiële markte nie, kyk hy sport vir ontspanning - rugby, sokker, UFC en F1. Hy geniet dit ook om saam met vriende te braai. Die geheim is om die twee wêrelde te skei: "Tuis dink ek nie oor die markte nie. Dit help baie vir emosionele rustigheid."

Hierdie jong gesin is in 'n opwindende seisoen van hulle lewe en Erik toets homself voortdurend in sy werk en as ouer - alles om daardie glimlagte op Hanno en sy vrou se gesigte te sien.

ERIK DU PREEZ: BUITELANDSE PORTEFEULJEBESTUURDER EN SLEUTELPERSOON BY PRIMA BATEBESTUUR.

KWALIFIKASIES: B.Sc. Aktuariële Wet, H.Sc (Hon) Besigheidsanalise en Bedryfswiskunde (Cum Laude), M.Sc Bedryfswiskunde en Informatika (Cum Laude)

WERKSAGTERGROND: In 2022 het hy by Prima begin werk as verteenwoordiger onder supervisie. Hy fokus hoofsaaklik op direkte buitelandse beleggings.

Prima Batebestuur (Edms) Bpk

**Kontak Prima Batebestuur by 053 207 0106 of stuur 'n epos na admin@primabatebestuur.co.za om meer besonderhede te bekom.**

# Konsepontwerp van die voornemende Stadskern vir Orania

Voorbladstorie



## Uitsig vanaf Duikersentrum na Bejaardesentrum

# Van skuldvryheid tot stasiewins

Dia van Staden



Foto: Christo Conradie

Foto: James Kemp saam met sy dogtertjie, Lillie-Marie, langs Sandbaai in Orania waar visvang 'n gunsteling tydverdryf is.

Die Besturende Direkteur van Pretoria FM se nalatenskap is gewortel in die strewe na skuldenaarvryheid, met die persoonlike droom om die verbandskuld op sy nuwe huis uit te wis – die eerste eiendom wat hy in 30 jaar besit. Hierdie doelwit spruit uit 'n jaar van drastiese strategiese ommeswaaie by die radiostasie.

Sy vrou, Karin, pendel tussen Pretoria en Orania, wat die balans tussen sy intense beroep en sy persoonlike lewe verder beklemtoon. Vir hom is die beste ontlading van spanning nie sy werk nie, maar wanneer hy lyn in die water gooi saam met sy vierjarige dogtertjie. Hierdie rustige "Sandbaai"-oomblikke is 'n noodsaaklike kontras met die intensiteit van sy beroep.

Toe hy by Pretoria FM ingestap het na 'n tydperk van verliese, was 'n onmiddellike ingrypende omdraai nodig. Die plan het 'n herbesinning van die verkoopsstrategie en 'n konserwatiewe benadering tot uitgawes behels. Binne die eerste vier maande is die verliese omgekeer na 'n wins van bykans R2 miljoen.

Hy gee die hele span krediet vir hierdie prestasie en prys veral Esmarie Ysel se "nuushond-instinkte," asook die deurslaggewende rolle van Linda van Schalkwyk en Tanya van Niekerk.

'n Groot persoonlike aanpassing was om vrede te maak met die feit dat hy nie meer mag uitsaai nie, al mis hy dit nog nie weens sy bestuurstake. Sy grootste hoogtepunt van die jaar was toe hy die personeel kon toespreek met die goeie nuus dat die finansies omgedraai is.

Die stasie het ook Nuusweek van stapel gestuur, gemodelleer op die uitleg van Koerania, na aanleiding van koerante wat gesneuwel het. Die publikasie doen uitstekend, met inhoud van mede-Oraniër Jaco Kleynhans wat besonder gewild is.

Die konstante teenwoordigheid en rigtinggewende wysheid van Willie Spies as mentor en morele kompas was ondenkbaar om sonder voort te gaan. Hy is bly dat Willie nou na die politieke terrein terugkeer, al lyk rooi (Willie se partykleur) hom nie goed nie.

Sy raad vir omkeer bly introspeksie en konserwatiewe bestuur, aangesien Pretoria FM inkomste uit harde werk en advertensies verkry en nie lisensiegelde gebruik nie.

Vir 2026 is die droom om met 'n sterk nuusfokus voort te bou. Luisteraars het bewys dat hul nuus verkies, wat beplan word deur die hernoeming van die oggendprogram en die uitbou van sterk gespreksprogramme op hul YouTube-kanaal, wat reeds tot 60 000 kyke kry. Sy grootste wens is sukses vir alle Afrikaanse media-instellings, wat hy as goeie mededingers beskou.

# Waarom Orania?

Dia van Staden



Dr Carel Boshoff IV is die seun van professor Carel Boshoff, kleinseun van Hendrik Verwoerd en was tussen 2007 en 2019 voorsitter van die Orania Beweging. Hy is tans die hoof van die Vryheidstigting, voorsitter van die FAK direksie en beklee Akademia se NP van Wyk Louwe-ereleerstoel in Kultuurstudie.

Twee nuwe skrywes uit sy pen het pas die lig gesien. Waarom Orania? 'n Uiteensetting en oproep: Dié maklik leesbare boekie beantwoord vrae wat vir meer as 30 jaar steeds gevra word. Binne die 25 bladsye word vrae soos waar Orania in die geskiedenis inpas en waarom Orania noodsaaklik is, beantwoord.


In die laaste hoofstuk verduidelik dr Boshoff sekere terme wat noodsaaklik is om die Afrikaner en ons volk se samestelling beter te verstaan. Hy skryf onder andere oor 'n volk: 'n Groot genoeg groep mense wat bewustelik en breedweg dieselfde taal, kultuur, geskiedenis, geloof en ervarings deel, om na hulle gemeenskaplike behoeftes om te sien en oor hulle eie sake te besluit.

Ander terme wat uitgelig word is kultuur, identiteit, etnisiteit, tradisie, taal en herkoms – alles terme wat steeds misverstande tussen mense laat ontstaan.

Hy het moeite gedoen om 'n engelse brief aan 'n kritiese vriend te skryf waarin hy dit regkry om op 'n empatiese, maar kritiese wyse na die samestelling van Orania te verwys. Orania – But Why? A letter to a critical friend is die tweede boekie.

Daar word verder geskryf oor waarom die Afrikaner so geheg is aan Suid-Afrika, die wenners en verloorders binne 'n demokrasie en roeping en verantwoordelikheid word uitgelig. "Orania dra 'n fakkel deur die geskiedenis," bevestig hy.

Dié twee boekies word by die kantoor van die Vryheidstigting te koop aangebied.




# Die kern van selfbeskikking nagevors

Dia van Staden



Professor Jannie Rossouw is 'n ere-professor by Wits Besigheidskool in Johannesburg. Hy is die outeur of mede-outeur van meer as 65 akademiese artikels en talle koerant-

Die onlangse publikasie, "Die boogbrug vanaf Orania II na Orania III," wat die ontwikkeling en strewes van Orania onder die loep neem, bied 'n insiggewende blik op dié unieke Afrikaner-nedersetting. Met 'n voorwoord deur Gawie Snyman en 'n wetenskaplik gefundeerde benadering, poog die boek om die emosie uit die feite te verwyder en 'n objektiewe oorsig te gee van Orania se reis. Dr. Burgert Senekal was een van die eweknieбeoordelaars, wat die boek se akademiese geloofwaardigheid onderstreep.

Die boek neem die leser op 'n historiese vlug deur die dorp se evolusie, van Orania I: Waterwese dorp (1983 tot 1991), tot die latere aankoop deur AVSTIG, en die ontwikkeling van Orania II. Tans staan die gemeenskap op die drumpel van Orania III, met meer as 3 000 inwoners en 'n fokus op verdere groei. Die sentrale tema, en die sluitsteen van hierdie oorgang, is die groeiende soeke na selfbeskikking. Die vroeëre naam van Kleingeluk was Groot Gewaagd, en prof. Jannie sê die naam eggo die waagstuk wat Orania was en steeds is.

Die kern van die boek word in tien hoofstukke uiteengesit, wat fokus op konsepte soos Plaaslike Plaaslike bestuur, Selfwerksaamheid, Verblyfreg en Burgerskap en Volhoubare benutting.

Tydens besprekings het figure soos Flip Buys, Frans de Klerk en Werner Fourie belangrike vrae oor ekonomiese ontwikkeling gevra. Prof. Jannie beklemtoon dat die gebrek aan 'n groot genoeg middelklas met besteebare finansies 'n uitdaging bly vir die ernstige sakeman. Hy wys egter op die belangrikheid van kwaliteit plaaslike bestuur, 'n netjiese omgewing en effektiewe dienste as trekpleisters vir nuwe inwoners en beleggers. Die swak fisiese infrastruktuur, veral die pad tussen Hopetown en Orania, stel 'n wesenlike beperking op Orania se ekonomiese groei.

Die boek ondersoek ook toekomstige boublokke vir ekonomiese ontwikkeling, insluitende energiebehoeftes en die vestiging van opleiding en hoë-standaard skole om gesinne te lok. Toerisme, met die aanbieding van 'n netjiese, skoon en veilige oornagplekke vir Kaap-ryers, word ook as 'n groeigeleentheid gesien.

Prof. Jannie, 'n politieke ekonoom wat dien as ere-professor by Wits Besigheidskool, sluit af met die sentiment van voltooiing ná sy omvattende navorsing. Sy oortuiging is dat die Afrikaner homself nog altyd opgetel het en dat produktiwiteit en effektiwiteit die sleutel is om die huidige ekonomiese situasie te verbeter.

Die boek is 'n noodsaaklike leesstuk vir enigiemand wat Orania wil verstaan, van die ou waterwesedorp tot die hedendaagse droom wat, soos Gawie Snyman sê, 'n mens nie moet onderskat wat oor vyf jaar bereik kan word nie.




Gemeenskapsnuus
KOERANiA
BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies

GRONDLYN

Dr. Wikus Buys - Begrondinstituut

# Alles onder een Hoof – in Christus



Met die volheid van die tyd het God sy Seun uitgestuur om as 'n mens gebore te word (Galasiërs 4:4). God het 'n spesifieke bedoeling daarmee, "sodat ons die aanneming tot kinders van God kan ontvang". Die sin van die lewe hang ten nouste saam met die bedoeling van God. Soms is die raad van God vir ons een groot raaisel. Veral as rampe en beproewings ons troep aan troep tref. Dan wonder ons gou: wat is dan die sin van dit alles, waarmee is God met alles oppad?

**Wat wil God met ons?**

Die Bybel leer dat daar regtig dinge is wat net God weet. "Die verborge dinge is vir die Here onse God." (Deut. 29:29). Daar staan egter ook in dieselfde vers: "maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid..." Met die geboorte van Jesus Christus maak God sy groot bedoeling met die mens, trouens met alle dinge, duidelik en sigbaar bekend. Dit gee vir ons rigting en troos in ontstuimige tye. Dit waarsku ons ook om nie ons eie bedoelings sommerso met God se ewige bedoeling te verwar nie. Wat is ons doel, waarmee is ons besig, wat is die uiteinde van dit alles – ook van ons groeiplanne met Orania?

**Bestek opname**

Dit is goed om aan die einde van 'n jaar bestek opname te maak. Vir elkeen persoonlik, vir Orania en vir die hele Afrikaner gemeenskap is hierdie 'n belangrike taak. Waarmee is ons regtig besig? Belangriker nog, pas dit wat ons doen in by die ewige bedoeling van God - wat Hy bekend gemaak het. Die Here het 'n duidelike en geopenbaarde bedoeling met ons. Dit kan ons alleen ken deur sy Woord, wat mens geword het in Jesus Christus en ook vir ons neergeskryf is as die Bybel en ook vir ons gepreek word. Deur die Heilige Gees, wat ons weergebore laat word en geloof skenk, kom ons agter wat God wil hê nie, maar leer ons ook elke dag verder hoe om ons hele lewe met God se bedoeling te vereenselwig.

**Verenig onder een hoof**

Dit is wat die apostel Paulus verkondig in Efesiërs 1:10 as hy die rede aanwys waarom God ons in Christus red: "In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade ... deurdat Hy aan ons die verborgenheid van sy wil bekend gemaak het na sy welbehae wat Hy Homself voorgeneem het, om die volheid van die tye te reël met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op aarde is, onder een hoof in Christus te verenig ..." (Efesiërs 1:7-10). God wil alle dinge onder een hoof in Christus verenig. Dit is sy ewige bedoeling. Om hierdie rede het hy in die begin die hemele en die aarde geskep. Om hierdie rede bewerk Hy ook verlossing van sonde. Jesus Christus het in die volheid van die tyd as mens gekom. Hy betaal met Sy kruis die skuld van misdade teen God en medemens. Met sy opstanding word Hy openlik verklasr as die Seun van God wat Hoof is van alle dinge.

**Implikasies**

Die hoofskap van Jesus Christus het omvangryke implikasies. Deur die Heilige Gees verenig ons in geloof met Jesus Christus en word ons deur God gereken as die eie liggaam van Jesus Christus. Christus is die Hoof van sy liggaam, die gemeente (Kolosense 1:18). Dit is troosryk en waarskuwend. In Jesus Christus kry ons deel aan wie Hy is en wat Hy gedoen het. Hy het nie net betaal vir ons sondes nie, maar Hy voer God se heilige bedoeling met alles uit – alles word onder een hoof in Hom vergader.

Wie buite Christus is, is buite die genade van God. Wie los van Christus lewe weerstaan die bedoeling van God met alle dinge. Vir ons persoonlik, maar ook vir Orania as geheel het dit baie groot gevolge. Ons erken amptelik Jesus Christus se koningskap oor alle dinge, maar juis daarom moet dit ook blyk uit al die detail van ons lewe en lewensplanne. Mens kan nie beweer dat jy Jesus Christus as hoof erken, sonder om deel te wees van sy liggaam, die gemeente nie. Dit sluit baie dinge in, ook fisiese deelname in die erediens. So lui die wonderlike evangelie: "En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul." (Efesiërs 1:22-23). Slegs Jesus Christus, die Hoof van alle dinge, red mense. Daarom skakel Hy jou in by sy gemeente, sy liggaam. Die kerk red jou nie, maar sonder die kerk word jy ook nie gered nie, want Jesus die Hoof, is verenig met sy liggaam.

Wat het die jaar 2025 nie alles vir ons opgelewer nie? In vele opsigte was dit 'n waterskeidingsjaar. 'n Jaar waarin God weereens getoon het dat Hy almagtig sy bedoeling handhaaf, met jou en my lewe, met alles en almal, ook van volke. Laat ons gewillig en met gehoorsaamheid onder die hoofskap van Jesus Christus lewe - voluit en volledig. Dan sal 2026 vir ons geen verskrikking wees nie, maar 'n kragtige getuienis van God se ewige bedoeling met sy kinders.

# Trotse tuine in Orania

Dia van Staden

Die Ons Paradys Tuinuitdaging se registrasies het vir die eerste jaar se bekendstelling vele verrassings opgelewer. Die beoordelaars het dit baie geniet om in die mooi tuine te beweeg en het telkens waardering uitgespreek vir die innovasie van Orania se tuiniers en eienaars.

Begrond, is 'n Christelike navorsingsinstuut wat die Afrikaanse taal en Afrikanerkultuur gemeenskap bystaan om Bybelse antwoorde op belangrike lewensvrae te kry. Dr Wikus Buys, uitvoerende direkteur van die Begrondinstituut, het deelnemers geluk gewens met die kwaliteit van grasperke, gevestigde tuine, sakpastuine en beginnerstuine.

Daar was 23 registrasies vir die onderskeie afdelings en daar is lieflike kontantpryse, kunsmis en 'n boom gewen. Vir 2026 word die uitdaging reeds beplan en 'n paar meer afdelings word bespreek.

Vanjaar se beoordelaars, Lené van der Walt, Alida Ackerman en Johan Venter is deeglik daarvan bewus dat die Noord-Kaap klimaat 'n uitdaging is vir 'n suksesvolle seisoenale tuin. Die kwaliteit het hulle egter nie teleurgestel nie.

Die onderskeie wenners, wat tydens die Tuin-tot-Tafel Straatfees op 29 November aangekondig is, is:

Thomas de Villiers: Beginnertuin en Grasperk
Aneli de Villiers: Sakpastuin
Lesley en Jan Shaw: Gevestigde tuin

Wanneer jy weer deur die dorp ry kan jy uitkyk vir die wennerborde wat in dié 3 tuine pryk. Alle deelnemers se harde werk is met respek beoordeel en gekomplimenteer. Woorde soos tekstuur, fokuspunte, formele lyne, vloei, atmosfeer, waterwys, effektiewe plaagbeheer, praktiese besproeiing, ensovoorts is gereeld vanaf die beoordelaars gehoor.

Karin Buys is die sameroeper van die uitdaging en tesame met die Begrondinstituut en Koerania se verteenwoordigers sal die planne vir 2026 binnekort bekend gemaak word.




Fotos: Dia van Staden

Aneli de Villiers was verras toe haar naam as die wenner van die sakpastuin aangekondig word. Sy ontvang haar kontant en wenbord van dr Wikus Buys.




Dr Wikus Buys oorhandig die prysgeld en wenbord aan Thomas de Villiers wie se pragtige beginnertuin en grasperk in Kleingeluk gereeld aandag trek.




Lesley en Jan Shaw spog by Vluytjeskraal-Noord met hulle lieflike gevestigde tuin. Dit is deur die beoordelaars as 'n behoorlike lus vir die oog beskryf.

'n Paar beelde van tuine wat vir die uitdaging geregistreer het



Fotos: Dia van Staden

# Kallie Kriel versterk BKO se direksie



Bo-Karoo Opleiding (BKO) kondig met trots die aanstelling van mnr. Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, as direkteur aan. Kriel se inskakeling by die BKO-bestuursraad versterk BKO se strategie om uitnemende, kultuurgebonde en toekomsgerigte beroepsopleiding aan Afrikaners te bied.

"Ons is dankbaar vir mnr. Kriel se bereidwilligheid om sy kundigheid en ervaring tot voordeel van BKO en ons studente in te span," sê Paul Vogel, uitvoerende hoof van BKO. "Sy insig in gemeenskapsorganisasies, bestuur en strategiese groei gaan 'n waardevolle bydrae tot die raad lewer."

Mnr. Kriel se aanstelling vorm deel van BKO se voortgesette fokus op volhoubare groei, stabiliteit en die uitbreiding van opleidingsgeleenthede in die landbou en ander skaars vaardighede. As direksielid gaan hy 'n rol speel in strategiese rigtinggewing, beleidsbestuur en die versterking van BKO se mandaat om kwaliteit, kultuurgerigte opleiding te bied.

BKO se direksie sluit verder in mnre. Appie Pienaar, Dirk Herman, Hennie Bierman, Anton van der Bijl en Willie Venter (van die Solidariteit Beweging), Org du Plessis (SAAI) en Frans de Klerk (Orania Ontwikkelings Maatskappy).

Ons het vyf vrae aan Kallie gevra om hom beter te leer ken.

1. Met jou onderwysagtergrond blyk dit dat jy 'n hart vir die onderwys het, wat maak jou opgewonde oor die onderrig en opleiding van jongmense?

Ons as huidige geslag het 'n ongeskrewe kontrak met die vorige én volgende geslagte. Dit behels dat ons respek toon vir dit wat ons van ons voorgeslagte ontvang het en ons roeping is om alles moontlik te doen om te help om die voorwaardes te skep waarbinne die toekomstige geslagte ook vir hulle, hulle gesinne en gemeenskappe, 'n toekoms kan help skep. Die bied van gehalte onderwys en opleiding aan ons jongmense is dus 'n kern verantwoordelikheid van ons geslag om vir die wat ná ons kom, 'n stewige wegspringplek te gee.

2. Uit die aard van jou werk as uitvoerende hoof by Afriforum staan jy aan die spits van 'n wye reeks veldtogte ter beskerming van burgerregte, waaronder teenstand teen haatspraak, misdaad, korrupsie en die miskenning van Afrikaans. Wat hou jou positief en reg om elke oggend roepingsgedrewe voort te gaan?

Die wete dat God vir elkeen van ons hande, 'n verstand en roeping gegee het waarmee ons, met genade van Bo, self die toekoms kan skep wat ons vir ons kinders wil hê. Ons is dus nie aan die korrupte Suid-Afrikaanse owerheid van die dag uitgelewer nie.

3. BKO en sy studente funksioneer as deel van die hartklop van die plaaslike Afrikaner Orania-gemeenskap. Hoe belangrik dink jy is dit vir jongmense om deel van hul gemeenskap te wees?

Een van die voorwaardes vir ware vryheid behels die normalisering van die lewe wat ons in normale gemeenskappe lei. 'n Gemeenskap kan nie normaal wees en funksioneer sonder die energie en krag wat jongmense aan 'n gemeenskap bied nie. Hulle vorm ook 'n sleutelskakel vir die oorgang van ons geslag na die volgende geslagte wat die vryheidsideaal moet voortsit.

4. Wat is jou wens vir elke student wat by BKO studeer, en nog in die jare wat kom gaan studeer?

My wens vir elke student is dat hulle optimaal sal ontwikkel om die beste weergawe van hulself te wees. En dat hulle dit ook in die proses sal geniet.

5. Die uitgestrekte Bo-Karoovlaktes, die oewers van die Oranjerivier en die veilige dorp bied die ideale geleentheid vir die gereelde beoefening van die eeue-oue Afrikaanse tradisie van braai. Los asb vir ons uiteindelik die titaniese debat op: Aan watter kant van die brood moet jou braaibroodjies gebotter word?

Daar is geen twyfel nie, almal behoort te weet 'n braaibroodjie moet aan die buitekant gebotter word!

Baie welkom, Kallie!



# Bo-Karoo Opleiding se droom vir 2028 = 800 Studente




Bo-Karoo Opleiding (BKO) het 'n ambisieuse teiken gestel: om nagenoeg 800 studente in die volgende 3 jaar op hulle kampus sonder mure te ontvang, vier keer meer as die 200 studente van 2025. Die pad daarheen word aangedryf deur die "Snelrat 800-plan," wat ná April 2025 afgeskop het.

Volgens Vogel is die kernstrategie om bestaande kapasiteit te optimaliseer, programme te versterk en nuwe aanbiedinge strategies uit te rol. "Ons moet eers die stoele volmaak wat ons reeds het, wortel skiet en sterk maak," sê Paul Vogel, Uitvoerende Hoof.

'n Sleuteluitbreiding lê in landbou. Die twee jaar-oue Leer-My-Hoe proefplaas, word dramaties uitgebrei tot 22 hektaar. In Januarie 2026 begin die omskakeling van een van die stoorfasiliteite in 'n meganisasie-werkswinkel om hierdie spilpunt te ondersteun.

Die ambagte word ook versnel. Daar is 'n dringende behoefte aan meer klasspasie en fasiliteite vir Loodgieter- en Elektries opleiding. Die beplande uitbreiding langs die bestaande werkswinkels sal plek maak vir drie nuwe werkswinkels, terwyl verkoeling en moontlik meubelvervaardiging ondersoek word. In Julie 2026 begin BKO met 'n tweede inname vir Elektries.

Gesondheid en Welstand brei uit met groter kapasiteit vir Noodhulp 1, 2 en 3. Vennootskappe met ouetehuise in Bloemfontein en Kimberley skep noodsaaklike praktiese opleidingsgeleenthede.

In Januarie skop BKO af met 30 personeellede en op volle kapasiteit met aanstellings in landbou- en gesondheid en welstand departement, 'n bemarkingsbeampte en sport koördineerder. In terme van addisionele studenteverblyf is BKO opgewonde om te noem dat die nuut-geboude H-blok by die Olienhoutontwikkeling, wat bekend sal staan as Steenbok-Vleuel, is reeds op vol bespreek vir 2026, so ook Duiker Dameskoshuis. Daar is volstoom besig met programontwikkeling en kort kursusse – met hierdie sal daar meer opleidingsgeleenthede wees vir voornemende studente.

Paul vertel dat die gemeenskap se rol in die studente se dag-tot-dag aksies deurslaggewend is. "Die positiewe terugvoer het die prentjie in die laaste paar jaar 360 grade gedraai." Met meer as 100 nuwe eerstejaars in 2026, is Paul Vogel se boodskap aan die gemeenskap duidelik: "Ons kan dit nie doen sonder die gemeenskap nie." Hy vra vir 'n positiewe ontvangs en 'n warm verwelkoming om die studente te help vorm tot sterk volwassenes.

Die jaar skop af met 'n funksie op 31 Januarie. Die tafel word gedek vir sukses en wat ons, as Oraniërs, kan bydra is ondersteuning van BKO, die studente, hul families en geliefdes – van hulle eerste dag hier, tot hulle weer terugkeer na waar hulle vandaan kom.

# Praktiese kennis

**Ansuné Venter:**
Die lys van ondervinding wat op die advertensie vir interns geplaas is wat gegee was is iets waarin ek belangstel. Ek sal graag in kantooromgewing beleef. Wil ek in media werk in my toekoms? Ek hou daarvan om van Orania meer te leer. Sosiale media.

In 2026 sal ek tydsbestuur goed te doen en alles te gee wat ek kan om geniet en nie te ernstig op te neem wat gebeur nie.

**Nina de Villiers:**
Nina wil uiteindelik kommunikasiekunde gaan studeer en sien haar intern-wees as goeie blootstelling in 'n korporatiewe en professionele omgewing. "So gaan ek leer of ek werklik in die rigting verder wil studeer."

Sy stel haar doelwit vir 2026 hoog, want as Vroeeë Kinderontwikkelingstudent wil sy 'n hoër gemiddeld kry as die top student van 2025. 95% hier kom Nina!

**Lyla Krige:**
Haar doelwit vir 2026 is om matriek met onderskeidings te slaag. Aangesien Visuele kuns 'n gunstelingvak is, sal sy dit as 'n beroep oorweeg. "Ek het te min geduld vir olieverf wat te lank vat om droog te word. Akriel met bietjie gliserien gement is 'n medium wat vir my goed werk." Sy vertel dat romantisisme en naturalistiese kuns abstrakte werk vir haar oorskadu. Haar leerervaring by die Orania Beweging as 'n kerninstelling is goeie ondervinding en sy geniet die verskeidenheid wat die internskap bied.

**Johannes Gibbins:**
Johannes wil graag werkservaring opdoen en die keuse om in 'n realistiese werksplek ondervinding op te doen was vir hom aanloklik. Johannes wil in 2026 sy matriekjaar as deel van die afstandleerprogram by Volkskool Orania suksesvol voltooi en dan in Orania kom werk.

'n Persoonlike doelwit van hom is om die videografie en redigeringsvaardighede wat hy by die Beweging aanleer te ontwikkel. Johannes wil meer van programmering leer, maar intussen wil hy volgende jaar op 'n akademiese gebied sy Biologiepunte verbeter.

**Stefan van Wyk:**
Ek geniet die ervaring wat ek hier kan opdoen aangesien dit my kommunikasievermoë en selfvertroue verbeter. Vir hom is praktiese ervaring in die werkplek op dié jong ouderom, van onskatbare waarde en spanwerk vir die afhandeling van take is 'n positiewe ondervinding.

Hy sien nou al daarna uit om aan die einde van 2026 vir sy leerlinglisensie aansoek te doen sodat hy nog 'n stukkie van sy onafhanklikheid kan ontdek. Hy wil genoeg geld maak om te koop wat hy wil hê. "Ek gaan 'n oorbruggingsjaar in 2026 neem, maar beplan om by 'n besigheid te werk waar ek 'n salaris kan verdien, sodat ek vir my eie studies in mediese kodering kan afskop. "Ek wil beslis nie in konstruksie werk nie, want ek het saam met my pa gebou en dit was genoeg om my te genees van die bedryf," skerts hy.



Unieke individue… Ansuné Venter, Nina de Villiers en Lyla Krige en agter Johannes Gibbins en Stefan van Wyk.

VANUIT DIE GEHOOR deur Cara Tomlinson

# Die Tyd van Verwoerd

## 'n Deeglike blik op 'n komplekse era




Fotos: Verskaf

Dr Louis Bothma tydens sy onlangse boekbespreking.

Die bekendstelling van die boek, Die Tyd van Verwoerd, deur dr. L.J Bothma is op 4 Desember in Orania aangebied. Sowat 60 belangstellendes het na dié ses jaar lange navorsingsreis kom luister vir insigte oor hierdie tydperk in ons geskiedenis.

Die boek fokus op die tyd van Verwoerd (1901–1960) en poog om hierdie tydperk eerlik en in konteks te plaas, sonder om apartheid te verdedig of te veroordeel. As die Here wil, sal 'n tweede volume volg, wat die afloop van hierdie tydperk in ons geskiedenis vertel.

Hannes du Preez, 'n inwoner van Orania het die gesprek met wel deurdagte ondervraging gelei, sodat 'n volledige oorsig van die boek bespreek is. "Dit was vir my 'n baie verrykende aand, met so baie te leer uit die geskiedenis."

Mede-organiseerder, Lynice de Beer beskryf die geleentheid as besonders, veral omdat van die Verwoerd-familie die aand self bygewoon het.

Dr. Bothma, wat sy skryfwerk streng op feite baseer, het tydens die gesprek sy kernboodskap beklemtoon: "Solank niemand net slimmer probeer wees as die geskiedenis nie."

Dr. Bothma het bekendheid verwerf met boeke soos Die Buffel Struikel, Rebelspoor en Vang 'n Boer. Hy is daarop ingestel om deeglike navorsing te doen en draai nie doekies om nie. Hy gaan haal die storie by Jan van Riebeeck en trek die lyne deur tot by die opspraakwekkende 1948-verkiesing toe die ikoniese Jan Smuts in Standerton verslaan is.

Bothma plaas die leser terug in tyd. Dan werk hy stap vir stap, jaar vir jaar en later selfs dag vir dag vorentoe, soos die Nasionale Party en sy leiers met Verwoerd al meer prominent, meedoënloos voortstoom na die doelwit.

Na afloop van die formele program het die dr. Bothma vrae vanuit die gehoor beantwoord, en die aand is afgesluit met heelwat boeke wat verkoop is en dr. Bothma wat elke nuwe boekeienaar se boek spesiaal geteken het. Die eerste druk is reeds uitverkoop! Die tweede drukoplaag is tans by die meeste Suid-Afrikaanse boekwinkels beskikbaar.



Organiseerders… Lynice de Beer en Cara Tomlinson het die verrigtinge vir die gewilde skrywer, dr Louis Bothma, gereël.



Mevrou Alida en haar man Hendrik Verwoerd, het die bespreking, wat verskeie familiestaaltjies ingesluit het, bygewoon.

NUUS BROKKIES Die Papier

**Vreemde einde, nuwe begin**
Op Donderdag 13 Junie 2024 het die nuus op die sakenuuswebwerf Moneyweb gebreek: Media24 gaan die dagblad Beeld, asook drie ander titels, Rapport, Daily Sun en City Press sluit.

Lesers, redaksielede en adverteerders moes toekyk hoe 'n vreemde en teenstrydige reeks gebeure rondom die sluiting afspeel.

Bietjie meer as 'n jaar later kondig die einste Barnard Beukman aan dat hy die eerste redakteur van 'n splinternuwe koerant: Die Papier is 'n beplande weeklikse nasionale koerant in Afrikaans. Die eerste uitgawe word op 6 Maart 2026 gepubliseer.

**Orania Gesondheidsorg gee babatreë**
1 Desember 2025 het Orania Gesondheidsorg (MSW)die gemeenskap per kennisgewing oor hul vordering ingelig. "Daar het verwikkelinge plaasgevind waarby Karoomed Mediese Sentrum in die dorp gaan bly en dus gaan ons in samewerking met hulle die gesondheidsorg in Orania bevorder. Die 24-uur dienste sal nog nie tans beskikbaar wees nie, maar ons werk daaraan om ook saam met addisionele praktisyns teen Maart 2026 beskikbaar te wees.

**Orania Sakekamer beplan Ora-bekendstelling**
Die I-reeks van die Ora word vir 10 April 2026 beplan. Daar word elke 3 jaar 'n nuwe reeks koepons ontwerp en gedruk voordat dit in die ekonomiese stroom van Orania ingesluit word. Merk solank die datum op jou Kalender sodat die gemeenskap 'n innovasiefees kan vier!

Dit is veilig.
Dit is uniek.
Dit is 'n Oraniaproduk.
#ondersteunplaaslik


DIE TOFFIEWINKEL
DIE KOSMOL
KITSKOS & WEGNEEMETES
RESTAURANT & KOFFIEWINKEL
ALLES WAT KOEL IS
DIE KAFEE
Kom kuier by ons nuwe perseel vir bekende kwaliteit
Sagte Toffies
Beskuit
Koekies
Neute
Droë Vrugte
Springmielies
Brandsouse
Konfyte
Speserye
Pekanprodukte
OUGOUD
ONS HELP MEKAAR
OUGOUD TOFFIES
SAFFIERSTRAAT - ORANIA - 083 766 0489

Gemeenskapsnuus
KOERANIA


Toffiewinkel se mense… Joelean en Jan Snyder is sinoniem met die toffiewinkel en staan lank reeds as oom en tannie Toffie bekend. Alhoewel toffies steeds hul unieke en baie gewilde produk vir inwoners en besoekers is, bied hulle al 'n padstalverskeidenheid by die nuwe winkel aan. Hulle geniet sukses met die verkoop van biltong wat stokkies, blare, geelvet stukke, droë wors en gedroogde spek insluit. Tussen die rakke vind toeriste ook koekies, beskuit, keur ingelegde produkte, droë vrugte, neute en brand- en geursouse. Gaan kuier gerus by die toffie- en kafeefamilie!


Die Kosmol… Sherri Otto, Elizabeth Grobler en Caitlyn Lubbe werkskaf in die kombuis om seker te maak dat jou restaurant, kitskos of wegneemervaring bo-baas bly. Alles onder een dak! Vra vir jou lojaliteitskaartjie waar jy na 10 keer se gebruik 'n 10% waarde terugaanbod kan kry. Die pragtige kleurvolle buite-area is waar ma en pa kan ontspan terwyl die woelwaters by die speelpark gly, klim en klouter!



# BESOEKERS MENING

deur Charl Erasmus


Charl Erasmus, 'n Oraniër uit Switzerland.


Die afgelope paar weke was 'n opwindende avontuur, veral tussen die mense wat ek as my eie beskou. Die vriendelikheid en bereidwilligheid van almal om te help wanneer jy iets nodig het, is 'n ware troos vir die siel.

My vrou, Maria, en ek wou al lankal na Orania verhuis, maar soos met God se planne dikwels die geval is, was die tyd eers onlangs ryp om die skuif ernstig te oorweeg. Ons het onlangs besluit dat ek voltyds aanlyn sou begin werk, wat my die vryheid gegee het om vir 'n lang tydperk in hierdie wonderlike dorpie in die Karoo te kom kuier.

Ons doel is om die dorp beter te verstaan en te bepaal hoe ons toekomstige lewe hier deel kan Soos my dae hier minder word, verdiep die volgende besef net: ons het nog baie werk wat voorlê, en dit sal nie vanself in ons skoot val nie. Die vraag waarmee ek volgende gaan stoei as ek hier wegry is: hoe sal ons as gemeenskap – binne en buite Orania – oor die traumatiese gebeure kan kom wat ons lewens as 'n volk gevorm het, en mekaar nog in die oë kan kyk en mekaar vertrou om Orania sterker en groter te maak.
vorm van ons strewe na vryheid. In Europa, waar ons tans woon, is ons immers vry en het ons baie tot ons beskikking. God was tot dusver goed vir ons.

Vir ons beteken vryheid egter meer as 'n gemaklike lewe sonder ernstige bekommernisse. Wat werklik saak maak, is vrede in jou hart en om tussen mense te leef wat God dien, soos ons self elke dag daarna streef.

Orania het in die afgelope weke vir my bevestig dat die Afrikaner-droom nog bestaan en dat daar steeds hoop is vir ons volk. Wat vir my verander het, is die besef dat Orania se vlag nie bloot 'n simbool van erkenning is nie, maar 'n lewenswyse.





## WERK VIR EUROPA VANUIT ORANIA!

Jongmense met 'n passie vir tegnologie het nou die unieke kans om vir 'n Europese sagtewaremaatskappy te werk. Wolkwerker bied betaalde opleiding aan tot 12 kandidate, met die moontlikheid van langtermyn werk.

## BETAALDE OPLEIDING

Die opleiding is in Januarie en Februarie, en kandidate sal R 6000 per maand ontvang vir hul deelname aan die opleidingsprogram. Ná afloop van die opleiding sal tot 8 kandidate gekies word om aan te sluit by die projekspanne teen 'n aanvangsvergoeding van vanaf R 10 000 per maand.

## PERSOONLIKE BEGELEIDING DEUR INTERNASIONALE MAATSKAPPY

Verteenwoordigers van die maatskappy sal die opleiding in Orania behartig. Hulle sal die span begelei om die sagteware deeglik te bemeester en doeltreffend te bestuur.

## WIE KAN AANSOEK DOEN?

Kandidate met 'n talent vir tegnologie wat bereid is om in 'n span te leer en te werk. Voorkeur sal gegee word aan jongmense tussen 17 en 25 jaar, maar ander aansoeke sal ook oorweeg word.

Aansoekers van buite Orania is welkom, mits hulle bereid is om na Orania te verhuis. 'n Keuringstoets sal op 2 Januarie 2026 in Orania plaasvind en 'n onderhoud op 3 Januarie.

## MEER AS NET 'N WERK

Die opleiding vind plaas in Orania, die opkomende stad wat 'n Christelike gemeenskap, 'n veilige omgewing, 'n lewenskragtige studentelewe en 'n aantreklike toekomsperspektief vir jong Afrikaners bied.

Benewens die werkgeleentheid sal suksesvolle kandidate ook deel kan wees van Orania se aktiewe studentelewe en gemeenskap. Dit is die ideale kans vir jongmense om waardevolle ondervinding in die tegnologiebedryf op te doen, terwyl hulle in 'n unieke en ondersteunende omgewing werk.

## HOE OM AANSOEK TE DOEN

Aansoeke sluit op 23 Desember 2025. Stuur aansoeke met jou CV na info@wolkwerker.com. Besoek Wolkwerker.com vir meer inligting in verband met hierdie uitsonderlike geleentheid.

ZIMMER SOFTWARE

WOLK W WERKER

wolkwerker.com

# WAAR DIE HELE GESIN BINNE OF BY DIE SPEELPARK KAN ONTSPAN

SAFFIERSTRAAT • ORANIA • 084 603 1827

# DIE KOSMOL

ALLE kitskos onder een dak

## KIEPIES KAFEE

Hoender & Skyfies (Heel braaikuikens)
KFC-styl Hoender & Skyfies
Vis & Skyfies
Snoek & Skyfies
en meer...

## BURGHER'S KAFEE

Bief of Hoenderburgers
Kaasburgers
Hawaian Burgers
Visburgers
Familie kombinasieburgers

## WARMBRAK KAFEE

Amerikaanse Warmbrakke
Duitse Frankfurterbrakke
Russiese worsbrakke
Engelse Varkworsiebrakke
Boereworsrolle

## DIE BAKHUIS

Verskeidenheid Vleispasteie
Pasteie met stasiesous
Pastei-ontbyt
Platbrode

Vrugtesap / Slushies / Borreltee met barsbobas & Tapioca / Melkskommels / Verskeidenheid Koffies / Koeldranke

Gemeenskapsnuus
KOERANiA

# Stadsbouer, werkgewer en werknemer van die jaar 2025

Op Dinsdag, 9 Desember is die jaarlikse stadsbouer, werkgewer en werknemer van die jaar toekenningsgeleentheid aangebied. ,n Groot getal mense het by die Maranata Aanbiddingsentrum vergader waar die opgewondenheid tasbaar was om uit te vind wie hierdie jaar met die gesogte toekennings sou wegstap.

Die program het 'n insiggewende praatjie van Flip Buys oor die Afrikaner, Suid-Afrika en Afrikaners ingesluit asook die vraag wat Hannes Noëth beantwoord het oor hoekom ons 'n Stadsbouer van die jaar toekenning maak. Paul Vogel het verduidelik hoe die studente van BKO integreer in die gemeenskap en dr. Dirk Hermann het 'n inspirerende praatjie gelewer oor die adelheid van arbeid.

Die teenwoordiges was nie net opgewonde om uit te vind wie die wenners is nie, maar ook oor die gelukkige trekking waar benoemde individue die kans staan om 'n prys te wen. Groot pryse is weereens hierdie jaar weggegee en die benoemdes het nie net met gelukkige harte nie, maar ook met lekker pryse, eetgoed en iets te drinke die aand afgesluit.

In die stadsbouer kategorie is Susan Coetzer van Eureka Nood-en Reddingsdienste as wenner aangewys. Die tweede plek is ingeneem deur Fanus Becker van Knapsak en Riaan Jacobs van Orasol is die derde plek benoem.

Conrad Basson van Eden & Co is aangewys as werkgewer van die jaar. Magdaleen Kleynhans van Sendata het die tweede plek ingepalm en Tikkie Delport van Snippie Snappie die derde plek.

Die werknemer van die jaar is Joan Swanepoel, 'n voortreflike onderwyseres by die CVO-skool Orania. Tracy Solomon wat werksaam is by Karoosig Aftree-oord het die tweede plek verower en Heidi Smit van Orania Helpmekaar die derde plek.

Hartlike dank word deur die Solidariteit se Netwerksentrum uitgespreek aan elkeen wat teenwoordig was en die aand, aangebied deur Solidariteit en Solidariteit Helpende Hand, spesiaal gemaak het.



Stadsbouer... Susan Coetzer weet wat dit is om haar gemeenskap te dien. Sy het haar toekenning, deur dr Elsja Hermann oorhandig, in ontvangs.




Werknemer... Juffrou Joan Swanepoel spog met haar toekenning, want sy weet dat haar werk met kinders dié belangrikste bousteen in 'n mens se lewe is. Sanri Stone, Netwerk Koördineerder, het haar toekenning na die geleentheid aan haar oorhandig.




Werkgewer... Conrad Basson is deur die gemeenskap erken as die werkgewer van die jaar en het sy toekenning van Riaan Visser ontvang.



Daniël de Klerk is Niel en Karin se eersteling. Hy is op Donderdag 30 Oktober gebore. Pa en ma geniet die nuwe ritme in hulle lewens en sien uit na al die opwinding van ouerskap.







Michelle en Ohann Fourie het op 16 November vir 'n tweede keer ouers geword nadat kleine Joha gebore is. Boetie Lohann deel vir sussie soentjies uit en ouma Charmaine van Heerden besing die dogtertjie se koms op sosiale media.




DIE BOSKAMP
LANGS DIE ORANJERIVIER
uitsig en toegang tot rivier en staproete
TWEE KAMPKAMERS
1 Dubbelbed,
2 Enkelbeddens
Elk met eie badkamer
R1000/kamer vir 2 persone
TENTHUIS
Koningin grootte bed plus enkelbed
R1200 vir 2 persone/nag
R1300 vir 3 persone/nag
2 KARAVAAN STAANPLEKKE
Uitsig op rivier
Elkeen met eie badkamer
R500/nag per karavaan/boswa/bakkie met daktent
HOUTHUIS
1 Dubbelbed
R1000/nag vir 2 persone
OORNAGKAMERS (Familie eenheid)
2 kamers, elk met dubbelbed en eie badkamer
R900/nag per kamer
2 Kamers met bad -
R600 per kamer/nag
BESPREEK NOU!
Marietjie de Klerk @ 082 202 4686
Spagie de Klerk @ 082 202 4688
E-pos: spagdeklerk@gmail.com
Visarendstraat-Oos H038

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# Vrolike Tuin-tot-Tafel Straatfees 2025


**Op Saterdag 29 November het die gemeenskap in wit getooi om 'n lekker partytjie te gooi! Die dankbaarheidsfees word jaarliks deur 'n groep vrywilligers aangebied. Dit was vanjaar weer 'n pragtige geleentheid van samesyn en om die spyse uit elkeen se tuin of kombuis te geniet.**





**Kommentaar wat op Koerania se Facebook- -blad gevolg het na 'n kort video van die aand se verrigtinge, het die volgende ingesluit:**

- SO MAAK MENS NET IN ORANIA !!!
- Soooo verfrissend om skoon vermaak te sien!
- Ai julle gaan tot die uiterste van fees hou. Wens ek kon daar wees.
- Rustige atmosfeer sonder om altyd op jou hoede te wees.
- Dis mos hoe ons groot geword het!
- Darem pragtig om ons mense so gelukkig te sien.



















# Opbou tot Geloftedag










# Vakansieprogram 2025 & 2026

## Saterdag 13 Desember

### KLIJN GALLERY KUNSUITSTALLING

09:00 – 19:00 - ф150
**Plek:** Die Boekehuis
**Beskrywing:** 'n Uitstalling van Orania en omgewing se kunstenaars en skeppers. Kuns, handgemaakte items, snuisterye, skoonheidsprodukte en selfs iets vir die tuin. Koffie en versnaperings, asook verf-aktiwiteite op die stoep!
SKEP-aktiwiteit: Kom kuier saam en verf 'n mini-doek (canvas) tussen 18:00 tot 20:00. Alles ingesluit. Almal welkom. Bespreek asseblief vooraf!
Kontak: Anesta Boshoff – 063 980 7102

### VASVRAKOMPETISIE

Begin 19:00 - Gratis
Plek: Stokkiesdraaipark, B-veld Restaurant
Beskrywing: Hoe hoog is jou IK? Kom bewys jou algemene kennis!
Kontak: L'lize JvRensburg - 079 192 4337

### KRUGER BREEK DIE PAD OOP

19:15 – 20:30 - ф50 OKeR-lede en kinders onder 16, gratis
Plek: Gemeenskapsaal
Beskrywing: Toneelstuk opgevoer deur OKeR-toneelgeselskap. Hierdie is 'n historiese toneel van 'n jonger Paul Kruger en 'n burgeroorlog tussen die Boere van Transvaal.
Kontak: Leoni de Klerk - 082 057-4936
Sondag 14 Desember




## Sondag 14 Desember

### KOFFIEKROEG

19:30 – 21:00 - Gratis
Plek: Gemeenskapsaal
Beskrywing: Hoërskool, naskool, en studente Saamkuier en gesels om 'n koppie koffie saam met ander jong medegelowiges.
Kontak: Doret le Cornu - 071 628-6234



## Maandag 15 Desember

### KERSLIEDERE DEUR OKER-ORKES

17:00 – 18:00 - Gratis
Plek: Die Boekehuis
Beskrywing: Kom sing, of luister saam na die OKeR-orkes.
Kontak: Leoni de Klerk - 082 057-4936

### SAK-TASTIES!

18:30 – 22:00 - ф185
Plek: Die Kantien
Beskrywing: Kom druk jou stempel af en verf jou eie persoonlike sak!
Met materiaalverf en jou kreatiwiteit kan jy jou sak uniek en kleurvol ontwerp.
Kontak: Magdaleen - 072 347-5250

## Dinsdag 16 Desember

### GELOFTEDAG

08:30 – 10:30 - Gratis
Plek: Aan-die-Oewer
Beskrywing:
08:30 | Voorsang | Aan-die-Oewer
09:00 | Geloftediens | Ds Durandt Pieterse (APK Orania) 09:45 | Feesrede | Mev Lida Strydom (Orania Burgemeester) Kontak: Pieter Bisschoff - 061 813-8272

### KERSLIGGIES SKAKEL AAN

20:00 - Gratis
Plek: Gannaboswoonstelle
Beskrywing: Die kersliggies by Gannabos word op 16 Desember aangeskakel en sal die aande verlig tot 3 Januarie. Kom kyk hoe kleurvol dit is!




## Woensdag 17 Desember

### VAL VIR DIE BO-KAROO

07:00 - 19:00 - ф4500
Plek: Orania Vliegveld
Beskrywing: Val vir die Bo-Karoo met 'n vryval-ervaring soos nog nooit van tevore. Gaan op 'n vlieg-avontuur 10 000 voet bo die Karoo en beleef 'n vryval tandemsprong bo die asemrowende Oranjerivier. Vlieg onder valskerm en land veilig saam met jou ervare Tandem-Instrukteur. Welkom by Vryval Karoo! Kontak ons vir besprekings.
Kontak: Christine Schoeman - 082 089-3735

### BKO KAMPUSTOER

10:00 - 11:30
Plek: Bo-Karoo Opleiding
Beskrywing: Kom besoek ons kampus sonder mure!
Kontak: Doret le Cornu - 071 628-6234

### BINGO VIR OUD EN JONK

Begin 11:00 - ф10.00
Plek: Stokkiesdraaipark, B-veld Restaurant
Beskrywing: Bingo is 'n lekker ontspanne kuiertyd speletjie. Kom neem deel en dalk is jy die wenner van die boerpot!
Kontak: L'lize JvRensburg - 079 192 4337

### TAFELTENNISTOERNOOI

16:00 – 21:00 - ф50.00
Plek: Die Blou Stoor
Beskrywing: Spelers moet 13 jaar of ouer wees. Daar sal 'n vuur brand: bring jou eie braaivleis, bykosse en drinkgoed. Kontak: Dia van Staden - 083 726-1180



### KIEPIE EN KANDAS

18:00-20:00 - ф50
Plek: Volkskool – Anna Boshoff saal
Beskrywing: 'n Tydlose Afrikaanse filmtreffer - moet dit nie misloop nie! Verversings by die deur te koop.
Kontak: OKeR - 082 057-4936

### KERSLIEDERE DEUR OKER-ORKES

19:30 – 20:30 - Gratis
Plek: Gannaboswoonstelle
Beskrywing: Kom sing, of luister saam na die OKeR-orkes.
Kontak: Leoni de Klerk - 082 057-4936

## Vrydag 19 Desember

### KUNSFILM

**'N SEDER VAL IN WATERKLOOF**

18:00 – 20:00 - ф100
Plek: Chris Jooste Ouditorium
Beskrywing: 'n Seder val in Waterkloof, geskryf deur P.G. du Plessis. 'n Kunsfilm vir die filmentoesias! Verversings word voorsien.
Kontak: OKeR - 082 057 4936

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

## KERSLIEDERE DEUR OKER-ORKES

19:00 – 20:00 - Gratis
Plek: Kaalvoettrap
Beskrywing: Kom sing, of luister saam na die OKeR-orkes.
Kontak: Leoni de Klerk - 082 057 4936

# Saterdag 20 Desember

## 5KM KOFFIEDRAF BY MELK&HEUNING

Wegspring: 7:30 - ф30 (Jy kry 'n gratis kappiekoffie met skuim)
Gratis - Kinders o.18 (drankie vir eie rekening)
Plek: Melk en Heuning
Beskrywing: Draf of stap 5km deur die dorp.
Kontak: Jay - 063 379 3954

## SPRINGMAT-TOERTJIE-KOMPETISIE

Begin 16:00 - ф10
Plek: Orania Gemeenskapswembad
Beskrywing: Kom wys jou beste toertjies by die swembad se springmat! Pryse te wen!
Kontak: Ruben - 072 466 3991



## SPITBRAAI-ETE

Begin 18:00 - ф170 en ф110 - kinders o.13
Plek: Melk en Heuning
Beskrywing: Bring jou eie opvoustoel en eetgerei. Bykos word verskaf. Bespreek asseblief vooraf!
KoSPITBRAAI-ETE
Begin 18:00 - ф170 en ф110 - kinders o.13
Plek: Melk en Heuning
Beskrywing: Bring jou eie opvoustoel en eetgerei. Bykos word verskaf. Bespreek asseblief vooraf!
Kontak: Jay - 063 379 3954

# Woensdag 24 Desember

## BKO KAMPUSTOER

10:00 - 11:30 - Gratis
Plek: Bo-Karoo Opleiding
Beskrywing: Kom besoek ons kampus sonder mure!
Kontak: Doret le Cornu - 071 628 6234

## HELPSAAMFONDS FIETS- EN WYNTOER

Begin 15:30 - ф250
Koste met buskaartjie ingesluit: ф300.00
Plek: Boshoff-opstal, Vluytjeskraal-Noord
Beskrywing: Reis met jou fiets deur Orania na verskillende wynproe-stasies. Jaarlikse hoogtepunt op
die vakansieprogram. Heerlike wyne is op vanjaar se lys beskikbaar. 'n Bussie is beskikbaar vir ouer mense en diegene wat nie kan fietsry nie.
Veiling van goue munte, wyne en 'n Orania-vlag. Alle fondse gaan ten bate van die Orania Beweging se Helpsaamfonds vir behoeftiges.

Kontak: Frans de Klerk
064 755 1762
Baie belangrik: Skandeer hierdie kode om op die Whatsapp-groep gelaai te word, waar inligting deurgegee word.

# Sondag 28 Desember

## KOFFIEKROEG

19:30 – 21:00 - Gratis
Plek: Gemeenskapsaal
Beskrywing: Hoërskool, naskool, en studente Saamkuier en gesels om 'n koppie koffie saam met ander jong medegelowiges.
Kontak: Doret le Cornu - 071 628 6234



# Woensdag 31 Desember

## OUJAARSBRAAI, PIEKNIEK EN KAMPEER!

07:00 – 23:30 - Gratis
Plek: Stokkiesdraaipark en Winkelsentrum
Beskrywing: Kom kuier van vroeg af saam by die park. Braaivleisvure en musiek sal sorg vir 'n vrolike atmosfeer. Sokkie die nuwejaar in! Oornag in jou tent op terrein.
Kontak: L'lize Janse van Rensburg - 079 192 4337

## OUJAARSPIEKNIEK EN - DANS

10:00 – 00:00 - Gratis
Plek: Klankgrens
Beskrywing: Heeldag saam kuier tot in die nuwe jaar.
Kontak: Zack - 082 699 7164

## VIER 2026 OP DIE STRAND!


17:00 – 00:30 - Gratis
Plek: Mos se Plek
Beskrywing: Nuwejaars strandparty by Mos se Plek. Kom kuier saam die nuwe jaar in!
Kontak: Riaan Els - 061 534 2789

# Donderdag 31 Januarie

## NUWEJAARSMYL


06:00 – 07:00 - Gratis
Plek: Karoosig Aftreeoord
Beskrywing: Begin by Karoosig Aftreeoord. Ons hardloop na die dorpswembad. Inskrywings gratis en soos dit elke jaar tradisie is, spring almal in die swembad daarna.
Kontak: Christo Muller - 083 628-0272



Die water stroom deur die sluise by die Vanderkloofdam.

Foto's: Mia van Staden








KOERANiA
# Sport
Bladsy 16 Volume 1 Uitgawe Nr 25














## SPORT GIDS



**Amateurstoei**
Willem Strauss - 079 299 0631
Saamstaangebou
Seuns vanaf 6 jarige ouderdom kan aanmeld
Maandae en Donderdae van 17:30 tot 19:00

**Ballet**
Uysie Kirsten Balletskool
Beginners vanaf enige ouderdom welkom
Eldien Kirsten @ 076 712 7801
Uysie Kirsten @ 082 683 6317



**Boogskiet**
Willem Jacobs
083 661 9707
Dinsdae om 16:00
Telegram: Koedoe Boogskiet Akademie
Gratis opedag maandeliks



**Fietsry**
Dewald Otto
084 557 4223
Groepritte
Dinsdagmiddae en Saterdagoggende

**Gimnastiek**
Oranjerivier Gimnastiekklub
Michelle Jacobs - 072 550 8462 /
oranje.gimnastiek@gmail.com
Saamstaan Winkelsentrum
Maandae tot Donderdae: 14:00 tot 16:00.



**Hokkie**
Jané Ebersohn
072 241 9142

**Jukskei**
Thinus van Dyk - 0731693505
Woensdae en Donderdae 16:30 tot laat


**Moderne dans**
Janel Cornelius - 068 589 9227


**Muurbal**
Victor Correia - 082 568 5587

**Orania Atletiekklub**
Christo Muller - 083 628 0272

**Orania Rolbalklub**
Voorsitter: Francois van Schalkwyk
0730891604 / francoisvs57@outlook.com
Nuwe rolbalbaan tans onder konstruksie.

**Orania Sportskiet**
Johan van Loggerenberg - 079 335 1621






**Paaldans**
Yoraldé Grotius - 082 065 8593
Ma: 17:15-18:15
Di: 16:00-17:00
Wo: 16:15-17:15 & 17:15-18:15
Donderdae oefenklas:16:00-17:00
R300-00 per maand

**Perdry**
Jessica Bornman - 082 823 2541

**Pluimbal**
Koos le Grange - 083 568 703

**Sportklub: Rugby, Netbal en Hokkie**
Hendri / Marike Labuschagne
072 453 5577 / 072 604 2564



**Swem**
Hester Botha - 082 093 4352

